Haar- en netheidsreëls

Seuns

- Hare moet kortgeknip wees en nie aan die wenkbroue, ore of boordjie (kraag) raak nie.
- Geen “step”.
- By die “English cut” mag die hare bo-op die kop nie langer as 2cm wees nie en moet geleidelik na die kante toe korter word. Geen “step”.

Dogters

- Lang hare moet netjies gevleg of in ’n poniestert vasgemaak word met lint of gewone haarrekkie. SLEGS wit of navy mag in die hare gebruik word. (Sien Skooldrag vir Gr 4-7)
- Geen hare in die gesig nie. Gebruik knippies of toepaslike bykomstighede. SLEGS wit of navy mag in die hare gebruik word.

Algemeen

- Enige onnatuurlike haarstyl is ontoelaatbaar. Die skoolhoof sal sy diskressie gebruik.
- Geen middels van enige aard mag aan hare aangewend word nie.
- Geen naellak of grimering word toegelaat nie.
- Naels moet kort en skoon wees.
- Geen versiersels of juweliersware mag gedra word nie, behalwe horlosies (geen slimhorlosies nie), en meisies mag 1 stel van 1 oorknoppie of ringetjie deur die oorlel dra. (Sien Skooldrag)